

# Zollie

‘n Drama vir vandag

deur

**Nico Luwes**



2005 SanlamSPATpryswenner KKNK

4-22 Jan 2004  
Jan Brandstraat 17  
Langenhovenpark  
Bloemfontein

Opvoeregte outeur [luwes@ufs.adc.za](mailto:luwes@ufs.adc.za) 0823742485  
of Dalro

# Zollie

‘n Drama vir vandag

deur

**Nico Luwes**



**“Herodotus had noted the strange behavior of the mastic tree since the 5th century B.C. According to the legend, mastic trees begun to cry in sympathy when Romans tortured Isidore, the island’s patron saint. For me these “magical tears” – mastic, became for me the symbol of Mrs. Georgio’s tears for Zolly and all children who suffer in the world”. (Nico Luwes)**

My sincere thanks to George George Katoleon and his wife Maria of Ghios who helped me with the Greek translation of Mrs. Georgio’s prayer while he taught at the Hellenic school in Bloemfontein.

The play were first performed at The Klein Karoo National Arts Festival (KKNK) in Oudtshoorn in April 2005 and won the Sanlam prizes of Best new Afrikaans Drama, Best Production, Best Directing and Best Actor. The play has since been published by PRAAG in Afrikaans and performed at all the major Arts Festivals in South Africa like Aardklop in Potchefstroom, Volksblad Festival in Bloemfontein and at the Suid-Oosterfestival in Cape Town. The English translation opened in 2008 in London at the Lion and Unicorn Theatre as an experiment. The Basosotho/Afrikaans/English production opened at The Momentum at the State Theatre, Pretoria on 2 Dec 2011, played from 22 March to 9 April in the same theater and will be staged at the 2011 Grahamstown Festival in Grahamstown.

### **Karakters**

#### Die Zephers

**Zollie** : ‘n Straatkind en Vigsweeskind. Seun van 19 (‘Streetwise’ en leier van die ‘Zephers’)

**Draad** : ‘n Straatkind. Seun 17 (Sy pël. Hy kên van)

**Snoekie** : ‘n Straatkind. Meisie 15 Straathoekstaner as bedelaar

#### Die Grieke

**Mev. Georgio** : Restaurant eienares. (35) Sy’s Grieks maar woon reeds 15 jaar in S.A.

**Mnr Georgio** : Haar man. (38 en mollig) Besit die restaurant reeds 15 jaar

#### Die Ouks

**Lem** : ‘n Straatkind. Seun 17 (Leier van die ‘Ouks’)

**Skêr** : ‘n Straatkind. Meisie 15

**Wip** : ‘n Straatkind. Meisie 15

### **Ruimte : Enige dorp of stad**

‘n Vuil gangetjie iewers agter ‘n restaurant wat net af van verhoog is. Asblikke, bierkratte en rommel lê orals rond. Voor ‘n straat met moontlik ‘n lamppaal links voor. Teen die lamppaal ‘n koerantplakkaat met opskrif: “Kersinkope ‘n rekord” Die regisseur kan besluit of van werklike wisselende koerantplakkate of bloot projeksies van opskrifte op die skoon koerantplakkaat gebruikgemaak sal word.

### **Tyd : Nou**

**Toneel 1**

(Dit vroegoggend in die somer met verkeer in agtergrond. Uit die restaurant, geïmpliseer links agter, kom Kersmusiek musiek sterker na vore as die agterdeur oopgemaak word.

**Mev. Georgio** (die Griekse restauranteienares bring ‘n boks leë bottels uit en sit dit in die gangetjie neer): Zollie!!! (Geen reaksie) Draad??? Snoekie?? Blêddie gemors! (Oor skouer) George! Sit af daai sentimentale nonsense and phone the bloody municipality! Kom kyk hoe lyk dit hier! (Die Kersmusiek word afgesit en Griekse musiek neem oor) Die hele dorp gaan in sy moer! Kom kyk hier! I’m telling you! In sy moer!  
What to do! What do do!

**Mnr. Georgio** (verskyn ook): Maria! Just shut up! We’ve got people in the restaurant! You’re not on an island in the Mediterranean!

**Mev. Georgio**: Ten years! You promised! Dis 23 Desember 2004. Tien jaar! I’m going back to Gios! Ek sê jou!

**Mnr. Georgio**: Just shut up! To do what? Milk the goats?

**Mev. Georgio**: I don’t care! Jy’t gesê, tien jaar dan gaan ons terug. Dis vandag 10 jaar! “Our children will know the Greek way of living!” you promised!

**Mnr. Georgio:** What are you complaining about? We don't have children. Why go back?

**Mev. Georgio:** To see the farm again. To swim in the river! To bake bread that tastes like Greek bread, to eat real Feta, to sleep under the open sky, to see the stars I'm used too! To smell the sea, the soil and the sun again!  
To have children in my own land!

**Mnr. Georgio:** To be poor! To listen to the old women complaining all day. Like black hawks running from one house to the other to gossip and complain! "Look at the men – doing nothing! Just sitting, sitting, sitting!"

**Mev. Georgio:** That's exactly what you do here all day! Jy kan dit net sowel daar gaan doen! Luister na my! Ek praat nie eers meer Grieks nie!

**Mnr. Georgio:** Ag Mamma! You'll pick it up again! Just give me five more years! We'll go back! Jy sal sien! You'll see! Five more years!

**Mev. Georgio:** I don't think or dream in Greek anymore! Ek dink Afrikaans en droom in Engels!

**Mnr. Georgio:** Goed! Dan skinder ons twee in Afrikaans oor hulle!  
We'll go back! Net nog vyf jaar. Alles sal regkom! Then we will be fine!

**Mev. Georgio:** Nog vyf jaar? Dan's ek veertig! Te laat vir kinders!

**Mnr. Georgio:** You're a Greek woman! You can have children till you're fifty! Toemaar Mamma! You are my sunshine, You are my soil! You are my sea. Come in, we've got customers.

**Mev. Georgio:** You're still the same! Eyes like ripe grapes, smooth talk like first pressed olive oil and still the same bastard that lie to me all the time! And still I believe you - like a goat on the way to the slaughterhouse. Why do I do that?

**Mnr. Georgio:** Why do you that? You do it because you love me. I'm your husband! So just shut up.

**Mev. Georgio:** You'll never learn! Don't TELL me to shut up! ASK me to shut up! (Hulle gaan af)

(Onder uit die rommel verskyn 'n verslonste straatkind. Dis Zollie. Hy's vuil met 'n duidelike babbelaas. Hy strek hom uit en kyk in rigting van restaurant.)

**Zollie:** Jaaa! Sjarrap net! (Hy kom kyk in die boks, haal bottels een vir een uit en rangskik hulle in 'n ry.) Breezer vir die hol-oopskop (Hy sluk die die laaste paar druppels uit bottel leeg en sit dit neer. Dan die volgendes telkemale in 'n ry) Sjerrie vir die Cherrie. Brandy vir die baaa'bie. Wyn virrie pyn. Wodkies vir die hotkiss, Whisky vir die wat nie kan pissie. Cane virrie samesyn! (Hy kry 'n bottel Ouzo) Ouzo vir die juice ou! Oppie

Griekse antie! (Hy pak hulle weer in die boks en tel dit op om gaan verkoop.  
Op pad na regs voor)

**Draad** (stamp vir Snoekie van links voor voor hom uit. Sy huil): Hou jou  
bêk! Ek warn jou! (Hy klap haar stil) Sê vir Zollie! Kom! Sê hom!

**Snoekie**: Dissie waar nie!

**Draad** (klap haar weer en draai haar arm): Hey! Hey Hey! Ek draai jou arm  
moertoe! Sê vir Zollie! Moenie kak praat met my saam nie!

**Zollie**: Wat's dit?

**Snoekie**: Dissie waar nie! Draad lieg!

**Zollie**: Wats'ie waar nie?

**Draad**: Sy't die geld gevat! Ek het haar gecheck! Sy steek dit in haar panty  
in! Laat ek haar rip! Kom hierso. (Hy pluk haar onderstebo en gooi haar  
bene oor sy skouers)

**Snoekie** (histeries): Se'blief! Ek sal uithaal! Ek promise! Seblief!

**Zollie**: Draad! Sit haar neer.

**Draad**: Kom rip haar!! Jy sal sien! Ek praat nie kak nie!

**Zollie:** Sit haar neer!!!

**Draad** (doen so): Sy dog ek check haar nie! Sy skep die geld deur die venster. Toe daai antie ry, toe hol sy vannie straat af, in agter die robot – en ‘one shot’ – innie panty!

**Zollie:** Haal uit.

**Snoekie** (draai weg en haal die geld uit): Ek... Sorry, Zollie ... ek was honger.

**Draad:** Ons is almal fokken honger!

**Zollie:** Gee.

**Snoekie** (gee die geld): Sorry, Zollie.

**Draad:** Sorry se fokken moer man! Hoor my uit ! Ons is almal fokken honger!!

**Mev. Georgio** (kom uit): Hey! Wat se geraas is dit die! Blêddie ‘hooligans’! What’s going on! Wat gaan aan?

**Zollie:** Nee ons raas nie, Miss Georgio! Ons loop nou.



**Mev. Georgio:** Ek soek julle nie hier nie! Julle is erger as daai blêddie ‘Ouks’. Loop! Julle slaap nie weer hier nie.

**Zollie:** Maar...

**Mev. Georgio:** I don’t give a damn! Voetsêk net! Ek is die Vader in die Hemel bly dat ek nie kinders het nie! Pure rubbish!

**Draad:** Ons raas nie hier nie, Miss. Ons slaap net hier en pas die goed op!

**Zollie:** Ons sal die vuilgoed gaan gooi by die groot dromme. Hoor ons raas nie

**Mev. Georgio:** Julle raas nie? Now what the hell was going on? Is ek doof? Hê? Praat Zollie!

**Snoekie:** Dis ek, Miss. Ek... ek het die geld gevat.

**Mev. Georgio:** Vir wat?

**Snoekie:** Ek... was honger, Miss.

**Mev. Georgio:** Honger? Waar’s die kos van gisteraand? Praat Zollie!

**Snoekie:** Dis Draad...

**Draad:** Hou jou fokken bek!

**Mev. Georgio:** Hey! Jou vuilgat! Eet jy met daardie bek? Waar's die kos wat ek julle gegee het?

**Zollie:** Ons... Draad het gaan verkoop, Miss.

**Mev. Georgio:** Verkoop? Bloody cheeck! Ek gee vir julle die scraps en julle gaan verkoop my kos? Aan wie nogal? Julle gee nie vir daai scum van die Ouks nie! Ek soek hulle nie hier nie!

**Draad:** Nee, Miss. Dis was vir die manne by die petrol station, Miss. Hulle was honger...

**Mev. Georgio:** Honger! Is die hele donnerse land nou honger en ek moet kook? Waar's die geld?

**Snoekie:** Draad het gaan...

**Draad:** Hou jou fokken bêk!

**Mev. Georgio** (pluk vir Draad met een hand teen haar bors vas) Hey! You lae gatskuim van die aarde! Met wie praat jy? Met 'n vrou? Ek bliksem vir jou!

**Draad:** Sorry, Miss.

**Mev. Georgio:** Man, sorry se gat! Snoekie, wat het Draad gemaak?

**Snoekie :** Hy't geswop vir glue, Miss. By die petrol station se winkel.

**Mev. Georgio** (dis asof sy moed opgee): Glue! (Sy los vir Draad) O, my God. Oh, my God... What to do? What do do?? Ek dog jy sê julle is klaar met daai gemors, Zollie?

**Zollie:** Dis net nog... Draad, Miss. En hy try...

**Draad:** Ja. Ek try rêrig, Miss

**Mev. Georgio:** Jy lieg met 'n oop bek vir my! Daar's 'n oog daar bo wat vir jou kyk! Jy sal try en try till the day you die! Maar jy wil nie hoor nie! Zollie, vat die bottels en gaan koop vir die kind kos! Move! En julle raas nie vanaand nie! Laat ek vir jou vang, Draad! Laat jy weer glue vat! Ek sweer ek laat jou vang! No noise you understand. Or no food! Ek maak skoon hier! (Sy stap moedeloos af) Oh my God... What to do? What do do??

**Zollie** (vat weer die boks bottels): Ek sal loop.

**Draad:** Dis my job – die bottels...

**Zollie:** Jy bly net hier! (Hy wil links voor afstap) Jy ken die rules maar jy breek dit nes jy wil. Maak daai kak bymekaar en gooi dit in die dromme

**Snoekie:** Ek loop saam

**Zollie:** Vir wat?

**Snoekie:** Ek bly nie by Draad nie.

**Zollie:** Jy loop staan innie straat! Waar's jou notice?

**Snoekie:** By die robot. Draad het my gegryp, toe....

**Zollie:** Draad! Gaan soek haar kaartboks en bring dit terug.

**Draad:** Laat sy haar eie....

**Zollie:** Maak soos ek sê!

**Draad** (terwyl hy afstap staat se kant toe): Ek fokkof sommer terug Ouks toe.

**Zollie:** Wat sê jy?

**Draad** Ek sê ek fokkof sommer terug Ouks toe. (AF)

**Zollie:** Nou maak jou make! Laat hulle jou maar verder opdonner! Lyk my jy wil ge'use' word! Jy kom huil nie by my nie!

**Zollie** (kom na Snoekie toe): Snoekie. Jy moenie so maak nie! Jy ken vir **Draad**. Hy's nog nie gerook of gegom nie. Dan's hy nog OK. Maar...

**Snoekie:** Sorry, Zollie. Ek was honger.

**Zollie:** Wil jy nie maar teruggaan huis toe nie? Jy's nog nie te vêr bad nie

**Snoekie:** Ek wil nie. Ek wil jou bly, Zollie.

**Zollie:** Dis rof op die straat, Snoekie.

**Snoekie:** Maar nie so rof soos... soos by die huis nie.

**Zollie:** Nou sê my wat gaan aan! Ek het jou al twenty times gevra en jy wil nie praat nie. Die Wellfare Antie ook. Maar jy lieg vir haar... Jy sê jy bly by jou Antie. Dis 'n lieg! Hoekom? Wat is dit? Jy het 'n huis.

**Snoekie** (begin huil en gaan sit op die bierkrat): Ek kan nie sê nie

**Zollie** (sit langs haar en sit sy arms om haar): Jy kan maar sê. Jy kan maar vir Zollie sê. Dan sê ek jou ook iets wat niemand weet nie.

**Snoekie** (hou op huil): Wat?

**Zollie:** Ek gaan die drank ook los en ek gaan werk kry.

**Snoekie:** Waar?

**Zollie:** Ek weet nog nie, maar ek gaan. En dan gaan ek 'n huis kry en dan vat ek jou van die strate af.

**Snoekie:** Rêrig?

**Zollie:** En ek vat jou skool toe - elke môre!

**Snoekie:** Rêrig? Gaan jy saamloop?

**Zollie:** Nee! Jou nuwe skoene gaan mos vuil word as ons loop! Ek vat jou met die kar!

**Snoekie:** Watse kar?

**Zollie:** Wat'se kar? Hoe ken jy vir Zollie? 'n Jaguar!' Bloedrooi Jaguar soos daai een in die garage wat ek vir gewys het!

**Snoekie:** Rêrig?

**Zollie:** Ja! Ek het daai salesman gesê hy moet hom solank vir my boek. Ek sal hom kom haal. Toe sê hy OK! Hy hou hom vir my!

**Snoekie:** Rêrig?

**Zollie:** Ja! Ek gaan jou môre wys – hy staan nog net daar.

**Snoekie:** Ek is bly, Zollie.

**Zollie:** Vir wat?

**Snoekie:** Vir lat ek vir jou het.

**Zollie:** En ek is bly vir jou ook, Snoekie. Nou kan jy maar ook sê.

**Snoekie:** Van die wat?

**Zollie:** Hoekom jy wil huistoe gaan nie.

**Snoekie:** Blo' my eers jy sal nie sê nie. Blo'

**Zollie:** Ek blo'

**Snoekie:** Weer

**Zollie:** Ek blo', ek blo, ek blo'. Three times truth!

**Snoekie:** Dis my suster.... Sy's agtien.... Sy't spooksiek. Sy't dit op vyftien gekry.

**Zollie:** Maar jy's mos nie soos sy nie, Snoekie. Ek pas jou mos op!

**Snoekie:** Ek weet. Maar sy het dit my ma se nuwe boyfriend gekry.

**Zollie:** Ag nee, sies man! Jou ma se boyfriend?

**Snoekie:** Ja.

**Zollie:** Nou waar's jou pa?

**Snoekie:** Weg.

**Zollie:** Maar weet jou ma? Dat haar boyfriend... met jou suster?

**Snoekie:** Ja.

**Zollie:** laat sy hom uitgooi, die vark!

**Snoekie:** Sy kannie. Wat kan sy maak? Daar's nie kos in die huis nie. Hy werk en hy kan sorg.

**Zollie:** Maar hoekom hol jy dan weg?



**Snoekie:** Ek is vyftien, Zollie. Vyftien. Hy soek my ook.

**Zollie:** Maar laat hom vang! Jy sê dan jou suster was ook maar vyftien! Die law...

**Snoekie:** Dan gooi hulle hom tronktoe

**Zollie:** Ja! Laat hulle hom bangle!

**Snoekie:** En dan? Dan's daar nie kos nie. Vir my ma nie. So toe hol ek maar. Dis beter so.

**Zollie:** Maar...

**Snoekie:** Ek wil ook grootword, Zollie. Toe hol ek maar. (Sy kyk na die straat en staan op) Hier kom Draad.

**Zollie** (staan ook op en vat weer die boks bottels): Moenie met hom troubles soek nie. Maak maar soos hy sê. Ek vat gou die bottels, dan bring ek kos (Hy stap links af)

**Snoekie:** Onthou jy't geblo'

**Zollie** (reeds af): Ja. Three times truth!

**Draad** (kom op met die bedelbord): Hier jou fokken bord! Gaan staan innie straat! Dink jy dis fokken charity hierso?

**Zollie** (tel die bord op en wil straat toe gaan): Dis reg, Draad.

**Draad** (gluur vir Snoekie aan): Jy drop my, nê?! Jy soek my, nê. Ek gaan vir jou hard moer!

**Snoekie**: Zollie sallie lat jy aan my aan my vat nie! Hy's die leader!

**Draad**: Leader? Van die 'Zepthers' ja. Maar jy sal sien!

**Snoekie**: Wat sien?

**Draad**: Kak, gaan jy hare kak. Ek sal jou 'deliver'...

**Snoekie** (onseker): Wat meen jy?

**Draad**: Wag jy net maar!

(Snoekie stap onseker af na straat terwyl Draad die gemors vloekend in die asblikke begin ingooi. Dan haal hy sy gombottel uit en gooi dit in die plastiekbottel om sy nek onder sy hemp en begin snuif.)

**Draad** (is na 'n paar oomblikke onvas op sy voete): Try en try tot die se ma se moer, man! Jassis! Ek soek hom! Ek soek hom sterk! Fok hulle almal! Ek

is ‘n bra! Ek hy skree op my. (Hy sit op sy gat neer en begin weer snuif)  
Blêrrie straatmeid! Ek gaat haa’ deliver! Watch my! (Hy snuif weer)

**Snoekie** (skree van die straat se kant af op Lem, Skêr en Wip wat haar rondpluk) Voertsek! Los my! Jou ma se moer! Los my!

(Hulle koggel haar uit met woorde soos “Straatmeid, Optelgoed, jou kênd van hoermeid! Waa’s jou ma!” ens.)

**Draad** (kom strompelend op sy voete as Lem Skêr en Wip van die straatkant af naderkom): Hey! Los daai kind! Sy’t jou niks gemaak nie! Fokken gemors!

**Lem** (beweeg so glad soos ‘n kat nader): Hey, Hotnot! Wie’s jou fokken hey? Praat jy met my? My naam is Lem, my bra! Ken jy vir my? Hêh? Ken jy my? (Hy slaat homself op die bors) Jy praat met ‘n leader, Hotnot! Die leader van die OUKS! Sal ek hom moer, hê? Wat sê jy Skêr? Wat sê jy Wip? Sal ek hom moer? Sal ek hom hard moer?

**Skêr**: Moer hom!

**Wip**: Sit hom knoppe op! Die man soek knoppe, lat hy kan hóór!

**Lem** (gryp die bedwelmdde Draad en ruk hom teenaan homself vas): Check my oë, Hotnot! Ek is ‘n soft guy! (Hy los vir Draad en trek Draad se hemp

netjies reg) Ek moer'ie 'n man as hy gegom is nie. Ek soek hom sober laat hy goed gemoer kan word. Lat 'n man kan voél! Lat hy kan léér!

**Skêr en Wip:** Moer hom! In sy ma se moer in!

**Lem** (vir Skêr en Wip): Hey, Hey Hey! Wie praat hie'so? Wie's die leader hie'so? (Hy slaat homself weer op die bors)

**Skêr en Wip:** Nee, dis jy, Lem. Jy's die leader...

**Lem** (vir Draad): Nou, die leader praat hiersô, verstaan? Waa's daai banggat? Daai dropper, Zollie?

**Draad:** Hy't die bottels loop ingee.

**Lem:** Oukei! Ek wil met jou praat. Sit op jou gat! (Hyself sit op sy hurke by Draad)

**Draad:** Wat wil jy praat.

**Lem:** 'n Man se prate! Jy't die Ouks gelos en 'n Zepher loop staan en word. Fact! Lem is 'n dinker. Hy gooi met die kop! (Hy klap sy eie kop) Lem wonder vir wat? Vir wat drop die man ons? Jy ken die rules! Wie maak wat vir wat'se geld in die squad! Wie staan straat, Wie werk die steamers. Wie slaap waar! Wie's wie in die unit!

**Draad:** Ek het jou gesê...

**Lem:** Hey, Hey Hey! Wie praat hie'so? Wie's die leader hie'so (Hy slaat homself weer op die bors) Ek sien nie vir Zollie hier rond nie. Daar's nie sommer van "Ek het jou gesê nie" Ek sal sommer vir jou praat! Jy't die Ouks gelos oorlat jy soft geword het! Oorlat jy en Zollie daai kak van die Wellfare-vrou geglo het! Toe drop jy ons. Nou't ons 'n serious cashflow problem! (Hy staan op en kyk na die gemors om hom) Wat vreet jy? Hê? Wat vreet jy?

**Draad** (beduie na die agterkant van die restaurant): Die Miss hier gee vir ons...

**Lem:** Hey, Hey Hey! Wie praat hie'so? Laat ek jou sê! Jy vreet scraps! Scraps! Ander man se uitspoegekak! Wat eet die Ouks? Ons eet pies en chips my pappa! Kentucky my bra! Kentucky! Maa' jy los die Ouks vir die scraps? En wat eet ons nou? Fokol Kentucky! Net scraps uit die blikke uit, Want die Ouks het nou 'n serious cashflow problem! Want Draad het ons gedrop! Draad het ons gelos!

**Draad:** Ek het getraai... om te los... En die charity-vrou het my geblo as ek die gom los, kan ek in die shelter in. Daai ander ding...ek kon nie meer nie...

**Lem:** Ek sal jou sê wanneer kan 'n man nie meer nie daai ander ding nie! So jy wil innie shelter in nê? En wat vreet jy daar? In die shelter? Sop en scraps? En toe drop jy die Ouks en sê dis ons wat jou gom geleer het? So ons

is uit die shelter uit? For allways? (Hy hurk weer by Draad en raak lelik opgewerk) Wat het ek jou geleer? Die unit speaks! Die unit staan saam! Die Ouks bly bymekaar. As die een score, score almal. Ons is die grootste! Die sterkste! Niemand touch die Ouks nie! Hoe praat die leader?Hoe praat hy?

**Wip en Skêr:** Die leader praat unity! Die leader praat rêg!

**Lem:** Hoo' daar! Die leader praat unity, Die leader praat rêg. En wat maak jy? Jy drop die Ouks agter die Wellfare se kak aan en in Zollie se rehabilitation squad in!

**Draad:** Ek is sorry. Lêm. Ek het net getraai...

**Wip:** Moer hom! Die dropper!

**Skêr:** Lem hom!

**Lem** (pluk vinnig 'n mes uit en steek 'n paar keer na hom): Ek maak vi' jou 'n sprinkler! Dan pis jy Wellfare-sop deur jou ribbetjies! Hoe maak ek?

**Wip:** Maak hom 'n sprinkler! Lêm hom! Steek hom!!

**Skêr:** Haal sy ballas uit! Steek hom.

Lêm (hou die mes teen Draad se oë): Maak oop jou fokken oë! Check my oë, Hotnot! Ek is ‘n soft guy! (Laat sak sy mes stadig) Ek wil jou ‘n proposition maak...

**Draad:** Wat se proposition?

Lêm: Ek eet nie scraps nie. Ek rook nie stompies nie. ‘n Leader suip nie papsak nie. Lêm het class. Hoe praat die leader?

**Wip:** Die leader praat reg! Ons soek nie second hand scraps nie

**Skêr:** Die leader praat waar! Ons slaap nie koud nie.

Lêm: Die leader soek tjienk! Die leader soek whisky. Die leader soek Kentucky! Die leader soek aaptwak! Die Unit soek vir Draad want Draad kên van!

**Draad:** Asseblief...

Lêm: Draad kên van! Die staemers stop, maar Draad is nie daa’ nie! Want Draad vreet eerder scraps. Die karre stop, maar Draad is nie daa’ nie? My cherries is MY cherries! My Wip is MY wip en Skêr is MY Skêr! Verstaan jy?

**Draad:** Ek kan nie... die Wellfare-vrou sê...

Lêm: Die Wellfare-vrou se moer, man! Jy moenie daai kak glo nie! Waar't jy gehoor gehoor jy kan spooksiek kry van daai job? Draad kêen mos van wat die Lanies wil hê! Jy exite hom net moertoe! Jy maak hom net vinnig klaar! Jy slip hom met die kop! As daai Lanie skree stop, dan stop jy nie! Dis safe man! Draad kêen van!

**Draad:** Partykeer.... dan wil hulle nie stop nie... dan wil hulle...

Lêm: Dan skree jy net! Dan stop die Ouks die man! Dan pluk ons die deur oop en ruk jou uit! Dan skrik daai man sy ballas rosyntjies! Dan jaa' daai man! Dan support die Ouks die Ouks! Dan suip ons whisky en dan eet ons Kentucky! En ons rook pappegaaaislaai en ons lag lekker en dan's ons hêppie en die unit staan close-bymekeer! (Stilte) Hoe praat die leader?

**Draad:** Ek weet nie

**Wip:** Luister vir die leader. Hy praat unity. Kom terug, Draad. Ons soek jou!

**Skêr:** Los vir Zollie. Hy vreet scraps. Jy's hie' in jou moer in!

**Draad:** Maar wat van Snoekie?

**Skêr:** Bring haar saam... Sy kan ôk support. Die Lanies soek die jongetjies...

Lêm: As sy kom, sal Zollie ook kom. Hy gaat nie alleen survive nie...  
Ma' hy sal maak soos ek sê. Wie's die leader?



**Draad:** Jy's die leader, Lem. Jy's die leader...

Lêm (Staan op): Jy praat 'n man se prate! Loop soek vir Snoekie.

**Draad:** Ek sal gaan...

Lêm: Gee solank daai glue (Hy vat dit by Draad en hulle begin afstap) Maak aan! Ons kry jou by die pyp.

**Draad:** Ek sal haar deliver...

### Verdonkering

---

#### Toneel Twee

(Dieselfde plek. Dis laatnag, die wind kom met stote op en dis koud. Uit die restaurant vrolike Griekse musiek. 'n Klomp stemme tel die tyd af na middernag Oukersaand. "Tien, nege, agt, sewe, ses, vyf, vier, drie, twee, EEN!" Algemene gejuig en brassery binne).

**Zollie** (sit bewend en eet scraps op 'n bierkas. Hy trek sy flenterjas stywer om hom. Op sy skoot 'n stukkende trui. Dis Snoekie sin. Hy staan op en kyk in die straat af).

**Mev. Georgio** (kom uit met 'n swartsak kombuisafval): Nog nie?

**Zollie**: Nee...

**Mev. Georgio**: Dis al twaalfuur! As die gesuip net wil ophou! En dit op Kersdag!

**Zollie**: Sy't nie haar trui gevat nie.

**Mev. Georgio**: Het hulle nie iets gesê nie?

**Zollie**: Nee...

**Mev. Georgio**: Bloody useless people. Hierso! (Sy gee vir hom 'n stuk kos aan) Ek sal die sop wat oor is in 'n flask gooi. Maar julle maak die blêddie ding skoon as hy leeg is! En julle breek hom nie! Jy ken vir mnr. Georgio!

**Zollie**: Ek dink ek moet polisie toe gaan. Snoekie sal nie wegloop nie. Miskien Draad... maar nie Snoekie nie.

**Mev. Georgio**: Daai Draad is die gif! These people? What to do? What to do? I'll phone the station. They can be on the lookout for them. (Sy gooi haar hande in die lug) As hulle tyd sal kry op so 'n aand!

**Zollie**: Dankie... Miss.

**Mev. Georgio** (wil afgaan en steek dan weer vas): Zollie... You're not a bad boy.

**Zollie:** Ek probeer, Miss.

**Mev. Georgio:** Jy's nou af van die gom af. Probeer die drank ook los...

**Zollie:** Ek probeer, Miss.

**Mev. Georgio:** En die boom?

**Zollie:** Ek vat dit nie meer nie, Miss.

**Mev. Georgio:** Mooi! Nou hoekom gaan jy nie shelter toe nie? Hulle sal jou daar kan help. Vir jou en vir Snoekie...

**Zollie:** En wat dan van Draad, Miss?

**Mev. Georgio:** Wat van hom?

**Zollie:** Hy sal dit alleen maak nie... Hy sal weer begin steel...soos by die Ouks. En weer begin... (Hy kan nie sê nie)

**Mev. Georgio:** Weer begin wat? (Stilte) Wat?

**Zollie:**... Ek...kan nie sê nie.

(Binne begin ‘n klompie mense “As ons ou vriende ooit vergeet” dronkerig sing)

**Mev. Georgio** (staan lank stil en dink en kom sit dan op ‘n biervat wat sy nadersleep) Zollie... Zollie... I want to tell you a little story... (Sy sug, wil begin en bedink haar weer. Dan begin sy) OK! In ‘n baie vêr land... eintlik ‘n klein eiland. Kom ons noem die eiland Gios...

**Zollie:** Gios?

**Mev. Georgio:** Ja Gios. Like in chaos. Dit is eintlik ‘n goeie naam – noudat ek daaraan dink. Baie lank terug. Lank voor jy nog gebore is, was daar ‘n familie wat met olywe en bokke geboer het. Op ‘n plasie - so twee myl van die dorpie af. Dit was nou die Ouma – wat ook maar ‘n ou hellicat van ‘n vrou was! en die Oupa – wat omtrent heeldag op sy gat in die son gesit en Ouzo drink en rook het. Ouzo! Ouzo! From midday to midnight!

Hulle seun het getrou met ‘n meisie wat die Oupa en Ouma – dis nou sy Ma en Pa, van ‘n ander eiland daar naby laat haal het. Die seun en die meisie het mekaar nog nooit voorheen gesien nie. Maar hulle moet trou. Die twee families spreek dit so af. Dit werk so op daardie eilande. Die ou mense besluit wie trou met wie. Die vrou het nie ‘n keuse nie. Jy word op ‘n vreemde plaas met ‘n vreemde man en sy familie neergesit en jy moet olywe pluk, bokke melk, kaas maak, brood bak, klere was, stryk, beddens opmaak, vensters was, vloere uitvee, kos kook, skottelgoed was, die hoenders kos

gee, eiers uithaal, die haan uit die kombuis hou en die ou man se Ouzo ingooi.

**Zollie:** Jessis!

**Mev. Georgio:** Ja! Jesu, Maria en al die ander Heiliges ook! Jy moet ook die ertjies dop, wors maak en die kamerpotte gaan uitgooi, weer skoonwas en terugsit onder die beddens. Nou hierdie jong vrou was nie bang vir die werkies nie, maar die man met wie sy getrou het een fout gemaak. Hy't haar nie gevra om die dinge te doen nie, hy't dit vir haar gesê! “Maak so en maak so!” En die Ouma het agter die seun gestaan asof hy Zeus se eie klong was was!

**Zollie:** Zeus?

**Mev. Georgio:** Ja Zeus. 'n God. Maar moet jou nie oor hom worry nie. Hy feature nie in die storie nie. Dit was in elk geval 'n godverlate plek! Nou ja! Die vrou het elke dag gekla en gekla oor haar man haar nie vra nie, maar sê! Skielik eendag was die werk ook nie meer vir haar lekker nie. En naderhand het sy begin huil en gehuil en gehuil. En sy kom lekker hard huil! Sy wou net terug na haar ouers toe op die ander eiland. Maar sy kon natuurlik nie. Dit werk nie so in op daardie eilande nie. Die man kon die gekla en gehuilery later nie meer uithou nie en hy en die Ouma het naderhand op haar begin skree. Nou kyk dit was 'n fout! Dit het haar nog meer deurmekaar, knorrig en ongelukkig gemaak. En toe huil sy eers lekker! Sy huil dat die bokke van die berg afkom!

**Zollie;** Jassis!

**Mev. Georgio:** Ja! Jesu ,Maria en al die ander Heiliges ook!

**Zollie:** En die Oupa? Het hy ook op haar geskree?

**Mev. Georgio:** Nee hy't nie op haar geskree nie, want hy het sy stoel al die tweede week na die vrou begin huil het vêr onder by die dam in die vyebome se skaduwees gaan neersit en daar gaan sit en rook en Ouzo drink. Eers so teen die aand se kant het hy teruggekom, vinnig 'n kossie'tjie afgesluk en gaan slaap. Teen daardie tyd was die vrou al uitgehuil en gedaan! Sy't later so maer soos 'n kraai geword met sulke swart kringe om haar oë! Maar sy moes maar so huil-huil werk.. Eendag het sy besluit om mal te word.

**Zollie:** Mal?

**Mev. Georgio:** Ja! Sy't net eendag skielik opgehou huil! Sy het sommer daardie dag begin om bokke onder die kombuistafel in te jaag en die olywe te stryk!

**Zollie** Jassis!

**Mev. Georgio:** Toe sy die besem in die kamerpot begin was en die skottelgoed by die agterdeur uitvee het die Ouma opgehou om op haar te skree en af dam toe gehardloop om die Oupa te gaan haal. Toe staan die vrou

doodstil tot die twee weer terug is. Toe begin sy skielik om die hoenders te pluk en die bokmelkkase tussen die lakens te sit terwyl sy die beddens opmaak! Die Oupa het haar net een kyk gegee en vir die eerste keer in jare na die olyfboord toe gehardloop om die seun te gaan haal. Toe staan die vrou weer skielik doodstil en kyk net na ‘n spinnekop teen die dak. Die Ouma het nie geroer nie! Toe die Oupa haar man inbring, Kry die vrou weer lewe en gryp ‘n spantou en maak die bed se pote aanmekaar vas! Toe spring die vrou met die melkemmer onder die bed in en begin om die matras te melk! Die ou spul moes net keer of die vrou het die brood in die kamerpotte op die stoof gekook! Toe gryp sy die haan en maak hom op die tafel sit en sing vir hom ‘n liedjie oor hoe hy ‘n eier moet lê! Die haan het haar net aangekyk en toe gee sy vir die haan ‘n glas Ouzo en sy sê: “Suip! Jou ou Bokram! Suip!” Die haan het dit nie verstaan nie en begin kraai. Toe lyk die vrou skielik moeg en draai na die stomme mense toe en sy vee haar hande aan haar voorskoot af en sê: “Nou ja! Dis nou dit!”

Haar man het eerste sy stem teruggekry:”....Wat....máák...jy?”

“Ekskúús?” het sy vrou gesê.

”...Waarom... doen... jy... dit?” het hy gestotter.

“Omdat EK wil! Ek wil gevra wees! Nie gesê nie!”

Niemand het geweet wat om te sê nie!

En toe sê sy sommer uit die bloute uit! “En ek wil ‘n kind hê!”

Niemand kon ‘n woord uitkry nie!

Toe praat sy baie stadig en duidelik met die drie stomme mense voor haar:

“As ék iets wil doen, sál ek. En ek doen dit vir my en vir my kind. En as ék wil sal ek daaraan dink of ek dit ook vir julle wil doen. Maar net as ek WIL! Verstaan julle?” Toe knik hulle maar net hulle koppe.

**Zollie** (lag): Dis 'n mooi storie! Ek het nog nooit...

Mev Georgio: Ja. En dis 'n ware storie Zollie. (Stilte) Zollie... Vergeet van Draad. Hy's gif. Doen dit vir jousef. Omdat jý wil...

(Die musiek en sang in die restaurant het stil geword en die wind het gaan lê)

**Mev. Georgio:** Jy kan, Zollie. Jy kan...

**Mnr. Georgio** (se stem van uit restaurant): Maria! Close up time! Where the hell are you? Maria! Maria!!!

**Zollie:** Hy soek jou, Miss.

**Mev. Georgio** (bly net so sit): Ek hoor. .

**Mnr. Georgio** (se stem van uit restaurant): Maria! Where are you? Maria!

**Mev. Georgio:** Daardie vrou het toe 'n pragtige kind gehad en van daardie dag af was sy gelukkig.

**Mnr. Georgio** (Nou bekommerd): Maria? Mamma?



**Mev. Georgio:** Relax! I'm coming! (Sy besluit om op te staan). Omdat EK wil! (Sy begin deur toe stap en draai weer om) Ek sal gaan bel....As die polisie hulle nie kry nie, ... vat ek more die kar en ek en jy gaan soek hulle. Ek sit die sop by die deur neer. (Sy begin deur toe stap) O.ja! Geseënde Kersfees...

**Mnr. Georgio** (Baie bekommerd): Maria?

**Mev. Georgio** (draai weer om) O, nog iets! Die vrou se kind was 'n dogtertjie. Sy's vandag ... laat ek sien?? Vyf en dertig, sonder kind of kraai en getroud met 'n man wat heeldag op sy gat sit en Ouzo drink. (Af).

## **Einde toneel 2**

---

## **Toneel 3**

Dieselfde nag, 2h15, by die plek van die Ouks. Iewers naby 'n ashoop. Daar is 'n ou 44-gelling asdrom op die verhoog. Daar lê rommel rond, asook 'n stuk 'hardbord'. Lem, sit hand om die nek met Skêr op 'n ou karstoel sit by 'n vuur in 'n konka. Hulle rook boom.'n Transistor-radio blaker rapmusiek uit. Wip dans met 'n plastiekbottel vir gomsnuif uitlokkend om die konka. Snoekie sit en bene vashou teen die koue eenkant en huil sag in haar arms)

**Wip** (dans na haar toe): Hou op skree soos ‘n lokasiemeid! Jy raas!

**Snoekie** (kyk op): Ek kry koud.

**Lem**: Wat raas jy?

**Snoekie** : Ek kry koud.

**Skêr**: Los haar, sy raas!

**Wip** (trek Snoekie op): Kom dans jou warm. Dis Krismis! Kom!

**Snoekie** (rem af): Ek wil nie.

**Wip** (trek haar weer op en maak haar dans): Moenie vir jou hardegat hou nie. Dans met jou tjommie! Dans!

**Snoekie**: Ek wil nie! Los my uit! Los my!

**Wip** (gooi haar weg): Moerskont. Vrêk as jy wil vrêk! (Sy dans verder)

**Lem**: As jy koud kry - kom vat ‘n pull!

**Skêr** (vat die boom by Lem): Sy mors net die goed. Gee vir my. (Sy rook)

**Lem** (kom na Snoekie toe): Snoek! Luister virrie leader! Jy moet luister as die Leader praat. As die unit sê ons maak so, dan maak jy so! Verstaan!

**Snoekie:** Ja.

**Lem** (draai weer terug karstoel toe): Nou maar raait!

**Snoekie:** Lem...

**Lem:** Hoe praat jy?

**Snoekie:** Sorry. Ek sê leader, Lem...

**Lem:** Nou praat jy my tale! Wat soek jy?

**Snoekie:** Waar bly Draad?

**Lem:** Waar hy móét bly. Draad kên van! Die leader soek Kentucky! (Vir **Skêr**) Sit af daai kak laat die unit kan sing! Kom!

(Skêr sit die radio af en Wip hou op dans)

**Lem** (trek vir Snoekie op en Skêr staan ook op en kom na die konka): Kom sing, ek sê! Hoe sê die leader?

(Skêr en Wip sing luidrugtig en dans om Lem terwyl Snoekie probeer byhou)

**Skêr, Wip** en Snoekie: Hoe sê die leader? Die leader soek Kentucky! Die leader soek geld! Die leader soek whisky. Die leader soek Kentucky! Die leader soek sy twak!

**Lem** : Die leader soek vir Zollie! Die leader soek vir Draad!

**Skêr, Wip** en **Snoekie**: Die leader soek vir Zollie, Die leader soek vir Draad! Die leader soek Kentucky! Die leader soek sy twak!

**Lem** : Die Unit soek vir Snoekie! Die Unit soek vir Draad!

**Skêr, Wip** (alleen. Snoekie sing nie) Die Unit soek vir Snoekie! Die Unit soek vir Draad!

**Lem** (stop hul gesingery): Daar's hy! Daar's hy! Daar's hy! (Hy draai na Wip en Skêr) Die leader soek vir Draad! Want Draad kên van! Maak smaak my Draad het ons geslip. Die unit is nou broken. Die unit soek nou aaptwak, Die unit soek nou kos... (Hy draai na Snoekie)

**Snoekie** (skram weg): Asseblief...

**Lêm** (sing hy al hoe stadiger op sy eie): Die unit moet deliver! Die unit raak nou dors... Die karre stop vir steamers, maar Draad is hell en gone... Die

karre stop vir action, maar Draad is hell in gone. Die unit het nou in ‘n serious cashflow problem. Verstaan jy?

**Snoekie:** Ek kan nie se’blief, Lem. Hulle gaan my doodmaak... Se’blief: Ek kan nie...

**Lem** (bars uit van die lag): Vir wat worry jy? Ons gaan jou niks maak nie. Kom hierso, Snoekie! Ons gaan jou niks maak nie! (Hy vat haar om die nek karstoel toe en maak haar sit) Die unit staan together, die unit staan mos saam! Skêr, gee my skyf! (Skêr gee die boom aan. Lem steek die zol aan en hou vir Snoekie) Vat ‘n pull. Dit jaag die koue moertoe!

**Snoekie:** Ek wil nie.

**Lem:** Vat ‘n pull man! Jy’s groot! Vat ‘n pull! Dit maak jou kop oop!

**Snoekie:** Ek het vir Zollie geblo’...

**Lem** (pluk skielik moer en vlieg op) Zollie se moer man! Sy ma se hele fokken moer! Wie’s die leader hier? Wie’s die leader??

**Skêr en Wip** (skrik nou ook): Jy’s die leader! Jy’s die leader!

**Lem** (gryp Snoekie se kop vas en dwing haar op te rook): As die leader sê rook! Dan rook jy! Verstaan!

**Skêr en Wip:** Laat sy rook! Laat sy rook! Die unit staan together! Die unit staan saam! Die unit soek Kentucky! Die unit raak nou dors!

**Lem** (pluk die proesende Snoekie regop): So jy willie rook nie, nê! Jy soek nie 'n pull nie? Laat 'n leader vir jou wys hoe maak 'n leader! (Hy wys vir Wip en Skêr die drom) Gooi daai kak uit! (Wip en Skêr gooi die drom vol vuilgoed uit)

**Snoekie:** Seblief ek wil nie! Ek wil nie! Los my uit!

**Lem** (tel vir Snoekie op en druk haar in die drom): Jy wil nie fokken luister nie! Sit! Lyk my jy wil nie hoor nie! Ek sê sit!

**Snoekie** (sak af in die drom): Se'blief, Lem! Ek sal luister! Ek sal rook! Ek sal rook!

**Lem** (vir Skêr): Bring die juice!

**Skêr** (gaan haal die gom en bring dit): Wat gaan jy maak?

**Lem:** Ek sê bring! (vir Wip) Vir wat staan jy daar en snotpik! Bring daai plank hier!

**Wip** (gaan haal 'n stuk hardbord wat agter lê): Lem! Wat maak jy? Jy moet mooi dink, Lem!

**Lem:** Fokkof! Ek sê bring! (Hy vat die blik gom, draai dit oop en gooi gom in die drom) Jy sal fokken luister!

**Snoekie:** Eina! Dit brand!

**Lem:** Hou jou bek! Jy raas man!

**Snoekie** (hou op skree): Seblief, Lem! Ek sal luister. Ek sal luister...

**Lem** (vat die hardbord by Wip en sit dit op die drom): Natuurlik gaan jy luister! Die leader gaan nou praat! (Hy gaan sit op die hardbord-dêksel op die drom)

**Snoekie** (binne drom): Ek kry nie asem nie! Dit brand! Dit vrot!

**Lem** (skop met sy voet teen die drom): Jy raas! (Sy bly stil) Luister jy?

**Snoekie** (hoes binne): Ja...

**Lem:** Mooi! Nou praat jy my tale! Nou luister nou mooi vir die leader! Ek soek nie Zollie se naam in my ore nie, verstaan jy?

**Snoekie:** Ja...

**Lem:** Zol het ons gedrop.

**Snoekie:** Ja.

**Lem:** Ek soek nie Draad se naam in my ore nie! Verstaan jy?

**Snoekie:** Ja...

**Lem:** Draad kên van... Maar Draad het ons gedrop.

**Snoekie:** Ja

**Lem:** Die karre soek die steamers, maar Draad het ons gedrop!  
So Draad het nou deliver! Die karre kan weer stop!

(Wip en Skêr is nou verskrik en staan eenkant bymekaar)

**Snoekie:** Se'blief, Lem...

**Lem:** Jy moenie worry nie. Die leader maak jou warm! Die leader maak jou lam... Jy sal nie eers iets voel nie... jy maak net soos hy sê.. Die karre kan maar stop, Ou Draadman het deliver...

**Skêr** (versigtig) Sy met asem kry...

**Lem:** Sy sal nie vrêk nie. Ons gooi haar net eers lekker dofkop. Dan vat ons haar na Mister Rensburg toe.



**Wip:** Dis al te laat. Hy sal al slaap.

**Lem:** Ons maak hom wakker! Mister Rensburg sallie slaap nie! Nie weer voor more nie! (Hy vryf sy vingers) En mister Rensburg kán deliver!

**Skêr:** Sy's nog te klein...

**Lem:** Fokkof! Sy moet leer! Die unit staan saam.

**Draad** (kom vervaard ingehardloop. Hy is in 'n uiterste skoktoestand en kan omtrent nie praat nie): Ons moet hardloop! Ons moet hardloop!

**Lem** (spring van die drom af en gryp hom vas): Waar de moer was jy?

**Draad** (begin huil) Kry die goed! Ons moet hol!

**Lem:** Wat praat jy? Is jy befok?

**Draad:** Kry net die goed!

**Skêr** (skraap hulle goed bymekaar): Wat het gebeur?

**Wip:** Hoekom moet ons hol?

**Lem:** Maak oop jou bek en praat, snotkop!

**Draad:** Die man... Hy wou nie oophou nie... Julle het nie gekom nie.

**Lem:** Ons was besig man!

**Draad:** Hy... Hy wou nie oophou nie... Ek het... Ek het hom gelêm (Hy laat val sy mes)

**Lem:** Gelêm?

**Draad:** ja...

**Lem:** Kom!

(Almal gryp hulle goed en hardloop af. Daar kom nie geluid uit die drom nie)

**Vinnige verdonkering**

---

**Toneel 4**

(Dieselfde plek van die Ouks. 8h30 op 24 Desember. Dit het gereën en dis koud. Die drom staan nog net so. Enkele motors in die agtergrond. 'n Motor hou iewers stil en deure klap toe.

**Mev. Georgio** (kom op gevolg deur Zollie): Hier's ook niemand nie.

**Zollie:** Dan weet ek nie. Dis die laaste plek waar hulle kan wees. Miskien was hulle hier en is weer terug pyp toe vir die reën. Dalk moet ons teruggaan soontoe en daar wag.

**Mev. Georgio:** To hell with that! Ek gaan nie weer die hele pad terug nie.

**Zollie:** Dalk is hulle al vroeg straat toe.. Miskien kom hulle terug.Laat ons net wag.

**Mev. Georgio:** Ek kan nie die hele blêddie dag hier rondsit nie! Ek moet tienuur uur oopmaak! Kan jy dink hoe gaan daai Vetgat vloek as hy alleen moet oopmaak! Ons is vol geboek!

**Zollie:** Net 'n rukkie asb. Dis nog nie nege uur nie.

**Mev. Georgio:** Hoe lyk my hare vir jou?

**Zollie:** Hoe?

**Mev. Georgio:** Ek sê hoe lyk my hare vir jou?

**Zollie:** Soos altyd, Miss.

**Mev. Georgio:** Presies! Dis wat hy ook gaan sê!

**Zollie:** Wie?

**Mev. Georgio:** Mister Georgio! “Maria! Your hair looks exactly the same as yesterday! Why do you spend money on hair-do’s and you look exactly the same every time? R200.00 down the drain every month!”

**Zollie:** Ek verstaan nie, Miss.

**Mev. Georgio:** Ja, jy sal ook nie! Ek het vir Mister Georgio gesê ek gaan my hare laat perm sodat ek die kar kan kry sodat ek jou gat kan rondry om na Snoekie te soek!

**Zollie:** En Draad

**Mev. Georgio:** Vergeet van Draad! Hy’s BAD NEWS! Maar jy wil nie hóór nie!

**Zollie:** Miss...

**Mev. Georgio:** Ja

**Zollie:** Daai vrou... die een wat die olives gestryk het en die bed gemelk het en die skottelgoed by die deur uitgevee het en die ...

**Mev. Georgio:** Ja. Sy was my ma.

**Zollie:** Ek het so gedink. Hoe was sy... eintlik?

**Mev. Georgio:** Sy 'n baie goeie vrou, Zollie. En sy was lief vir my. En sy was baie lief vir my pa. En hy vir haar ook. Baie... Hulle was eintlik 'n baie happy couple! Ons was een happy family!

**Zollie:** Hoe's dit, Miss? 'n Happy....?

**Mev. Georgio** (kyk net na Zollie): Zollie, Zollie, Zollie.... My poor boy. Ons moet gaan. Dit gaan weer begin reën (Sy begin loop)

**Zollie:** Miss...

**Mev. Georgio:** Ja, Zollie?

**Zollie:** Miss... Dit was 'n baie mooi storie. Ek... Ek het gedink ek wil vir Miss iets vra.

**Mev. Georgio:** Ja?

**Zollie:** Wil Miss nie...

**Mev. Georgio:** Ja?

**Zollie:** Wil... Miss... nie vir my hê nie.

**Mev. Georgio** (staan 'n paar oomblikke verslae en bars dan in trane uit) Oh, my God. Oh, My God! What to do? What to do? Come here!

**Zollie:** (staan met sy arms langs sy lyf. Hy weet nie hoe om iemand vas te hou nie terwyl Mev Georgio hom teen haar vasdruk): Ek... sal werk... Verniet, Miss. Ek sal al die skottelgoed was. Elke dag en elke nag. Miss... En die yard skoonhou...

**Mev. Georgio** (haal haar sakdoek uit en blaas haar neus. Sy is nou weer OK): Zollie, jy vra my 'n verskriklike ding. Maar ek kan nie. Ek sal regtig nie kan nie. Mister Georgio sal nie laat ek dit doen nie, al sou ek ook hoe graag wou.

**Zollie** (laat sak sy kop): Ek verstaan. Miss. Dis reg so, Miss.

**Mev. Georgio:** Al sou ek hoe graag wou... Zollie... Ek is nie so sterk soos my ma nie.

**Zollie:** Ek verstaan, Miss.

**Mev. Georgio:** Maar kom ek sê jou wat. Jy gaan was vir jou skoon by die garage en ek gaan winkel toe en ek koop vir jou skoon klere met hierdie R200. Dan sê ons maar dis jou Krismispresent! Ek sal dit vir jou agter sit. Dan gee jy vir my nou die hele dag om Mister Georgio se kop van sy lyf af

te kla oor die baie werk in die restaurant en die vuil yard... (Sy kry skielik 'n bree glimlag) Of nog beter! Ja! Dalk besluit ek ook om vandag mal te raak!

**Zollie:** Mal?

**Mev. Georgio:** Ja. Soos my ma!

**Zollie** (begin ook glimlag): En dan stryk Miss die olives en...dan

**Mev. Georgio:** Ek sal wel kyk wat ek kan doen! En vanaand so nege uur kom ek agter uit die restaurant uit en kom haal jou om te kom help skottelgoed was en skoonmaak. En jy sorg dat jy skoon en netjies aangetrek is! Hoor jy vir my? En jy suip niks vandag nie!

**Zollie:** Dis reg, Miss! Ek sal baie hard werk, Miss! En die yard sal skoon wees!

**Mev. Georgio:** En more tienuur klok jy weer in. Ek sal nie 'nee' vat van Mister Georgio nie. En jy werk verniet – net vir kos - vir ten minste 'n week En jy praat nie met hom ooit oor geld nie! Ek sal dit met hom bespreek as daar 'n week of twee verby is.

**Zollie:** Baie dankie, Miss

**Mev. Georgio:** Ek moet nou ry.

**Zollie:** Ek sal nog wag. As hulle nie kom nie sal ek weer by die pyp gaan soek, of in die straat.

**Mev. Georgio:** Nou ja. Ek moet winkels toe. (Net voor sy uit is draai sy om)  
En Zollie...

**Zollie:** Miss?

**Mev. Georgio:** As Mister Georgio nie by is nie... Dan kan jy maar vir my “Ma” sê. (AF)

**Zollie:** Dankie, Miss!

(Mev. Georgio se motordeur klap toe en sy ry weg)

**Zollie** (gaan sit op die drom om te wag vir die ander. Hy proe die woorde):  
Dankie....ma.... (Hy ruik iets. Dis gom? Dis onder hom in die drom? Hy staan op en haal die dêksel af. Dis ‘n versmoorde Snoekie) Nee... nee.... nee...(Hy kantel die drom na agter en trek Snoekie uit die drom)  
Nee...Jesus...nee! (Hy tel haar lyk oor sy skouer. Sy woorde word duideliker) Snoekie... (Hy strompel in die rigting van Mev. Georgio se kar wat reeds vertrek het.) MAMMAAAA!!!!

**Stadige verdonkering terwyl hy afstap**

---



**Toneel 5**

(Die gangetjie agter 'n restaurant soos in toneel een. Dit is nou silwerskoon. Teen die paal op die koerantplakkaat die opskrif: “Nuwejaarsongeluk eis vier studente”)

Radioberig (uit restaurant): “Die verkeer op die N1 Suid het druk toegeneem namate vakansiegangers terugkeer huis toe. Kapt. Olivier, woordvoerder van die Suid Afrikaanse polisie het vanoggend bevestig dat 'n spoedige deurbraak verwag word in die ondersoek na 'n asblikmoord aan die buitewyke van die stad. Intussen berig ons Kaapse kantoor dat...

(Die radio word oorgeskakel na Griekse musiek in agtergrond)

**Mev. Georgio** (van restaurant af in): Dis beter! (Sy kyk om haar rond) George! Kom kyk! I say come and have a look!

**Mnr. Georgio** (nog binne in restaurant): I'm not interested! I'm busy! Who must do the books! The milkman?

**Mev. Georgio** (gaan weer na restaurant): George! Kom kyk. Jy glo my mos nie! Come see for yourselves! Kom nou of moet ek jou kom haal?

**Mnr. Georgio:** If I come will you stop shouting for five minutes!

**Mev. Georgio:** JUST COME AND HAVE A LOOK!

**Mnr. Georgio** (stap uit tot in die gangetjie): OK! I'm here! (Hy draai in die rondte en kyk weer na haar) I came, I saw, so what? (Hy wil weer terugglip restaurant toe, maar Mev. Georgio gryp hom aan die arm)

**Mev. Georgio:** You came, you didn't look and you saw nothing! Kyk ordentlik! What do you see?

**Mnr. Georgio:** The back yard of a restaurant.

**Mev. Georgio:** No, no, no, no! You saw a clean back yard of a restaurant! En dis alles Zollie! Sien jy dit?

**Mnr. Georgio:** OK! I saw a clean back yard of a restaurant! It's clean. Can I go back now? It's almost opening time!

**Mev. Georgio:** No! Dis nou eers half tien! You've been running away from me for two weeks now! Ek wil met jou praat! Oor Zollie.

**Mnr. Georgio:** But you never stop talking!

**Mev. Georgio:** Because you never stop to listen to me!

**Mnr. Georgio:** But you ask the impossible! How can I listen to that nagging! The same thing over and over again. Zollie this! Zollie that! The

more I say “no”, the more you ignore me and keep on nagging! Zollie this and that!

**Mev. Georgio:** It’s not the impossible! And I’ll keep on nagging until you listen to me!

**Mnr. Georgio** (probeer haar kalmee): Maria! Maria.... Maria.... I love you. You’re my wife. But you are driving me CRAZY!

**Mev. Georgio** (probeer hom kalmee): OK, OK, OK! If I promise you I’ll only say five sentences today will you listen to them?

**Mnr. Georgio:** Only five? The whole day?

**Mev. Georgio:** Yes. Only five. The whole day.

**Mnr. Georgio:** Are you ill?

**Mev. Georgio:** No. I’m fine!

**Mnr. Georgio:** Are you sure?

**Mev. Georgio:** Yes. I’M FINE!

**Mnr. Georgio:** OK!

**Mev. Georgio:** But you must promise to say “Yes” after every sentence. “Yes” that you listened to what I said and “Yes” that you agree.

**Mnr. Georgio:** Only five sentences?

**Mev. Georgio:** YES!

**Mnr. Georgio:** OK! I agree.

**Mev. Georgio:** You’re not going back on your word?

**Mnr. Georgio:** No, I’m not going back on my word and that was number one! (Hy wys een vinger)

**Mev. Georgio:** NO! You can’t do that! Ek het nog nie begin nie!

**Mnr. Georgio:** Yes, I can do that and that were numbers two and three! (Hy wys vingers twee en drie!)

**Mev. Georgio** (na ‘n paar oomblikke): Do you really love me and will you do everything I ask of you as you promised before both our families and the Holy God on our wedding day FIFTEEN YEARS AGO in that small church on Gios when you also promised me that we’ll come back from South Africa after ONLY TEN YEARS once you’ve made enough money in the restaurant business to go back to Gios and install a small olive press on our

farm in Gios so that we will forever live in peace and harmony on the said farm and on that said island?

**Mnr. Georgio** (bars uit van die lag en wys vier vingers): Yes! Four!

**Mev. Georgio**: Give Zollie a full-time job.

**Mnr. Georgio** (stomgeslaan): But that means ... I will have to PAY him! MONEY! That means it will take a longer time here in the restaurant. That means it will take a longer time here in South Africa? (Hy kyk haar lank aan) Maria... Is that what you want?

(Mev. Georgio hou haar vinger voor haar lippe en knik haar kop)

**Mnr. Georgio**: Are you sure? You will be older than forty then... Is that really what you want?

(Mev. Georgio hou haar vinger voor haar lippe en knik weer haar kop)

**Mnr. Georgio**: Let one important thing be very clear. You are my wife. I am your husband! I am the head of the family. And just because I WANT too... and not because YOU TELL ME TO! I will say..... “Yes”. Now can I go?

**Mev. Georgio** (in trane van dankbaarheid): Thank you!

**Mnr. Georgio** (vinger voor sy mond): SJUUU!

(Mev. Georgio vat hom om die nek en soek hom)

**Mnr. Georgio** (half ongemaklik): Ok, Ok... Ok! You Greek women are bloody crazy! And stop crying now! What's the use I've got a day of silence? You don't say a word, but still you make a noise? I'll go inside and tell him. Maria! Now pull yourselves together. The customers are coming!

(Hy gaan af)

**Mev. Georgio** (gaan sit op die bierkas en sy kyk boontoe): Hoe doen ek dit Ma? Hoe hou ek my mond vir 'n dag? Vader in die Hemel gee my tog my Ma se krag! Asseblief! En stuur vir haar liefde! En vir Pa... Praat julle nog Grieks daarbo?

(Sy begin in Engels bid en herhaal dan elke sin 'soekend' na haar moedertaal, Grieks. Deur die loop verskyn Mnr. Georgio en die netjiese, skoon Zollie stil in die agtergrond. Sy weet nie dat hulle haar hoor nie)

**Mev. Georgio:** Rise o Sun! Dear God... Let Your sun forever rise over my head and that of my dear husband. (Grieks) Let Your misty Moon forever dim the thoughts on my dear unborn child – the unseen one. (Grieks) Let the rising mist of Your dear sea dissolve my longing and my pain for that unborn child – the unseen one. (Grieks) The unborn one that cries forever in my husband's eyes on moonlit nights when he makes tender love to me. (Grieks) The child that never danced from his eyes and into mine to nestle in my emptiness. (Grieks) You that never drank the precious blood of your dear mother, to grow inside my empty womb, to be born in pain and ecstasy.

(Grieks) The one that never drank the milk from my tender breasts...

(Grieks) That never played and laughed under ancient olive trees on my dear island and my home – the sundrenched, Gios. (Grieks)

Let Your sun, Oh God of Light, forever rise on this NEW child now born to us in this dry and foreign land... (Grieks) Let the lost one, found again, forever walk the earth under the guiding shadow of Your hand. (Grieks) Let him understand of Your Will. (Grieks) Let Your mighty seas and tender rain wash the tears for Snoekie from his longing eyes. (Grieks) Let this long forgotten boy forget the past to become a man that walks this land with pride and dignity - a man of fortitude. (Grieks) The man you wanted him to be. (Grieks) Because YOU and HE want to! (Grieks) Amen. (Grieks).

(Die lig verdof op die drie stil figure. Griekse musiek word sterker oor die volgende projeksies teen 'n skoon koerantplakaat teen die paal - sou die regisseur dit verkies! . 'n Foto doof in van Zollie in 'n sjefhoed en uitrusting saam met mev. Georgio in die restaurant se kombuis werk. Dan een waar hy 'n 'n sjefuitrusting 'n sertifikaat vashou. Gevolg deur foto van Zollie in moderne klere leunend teen 'n rooi Jaguar. Laastens een van mnr. en mev. Georgio voor 'n tipiese Griekse huisie op die eiland. Sy natuurlik met krulkop Griekse seuntjie van so agtien maande op haar skoot!)

**Griekse musiek sterk op en stadige verdonkering**

**EINDE**

---

**By die deure handig teaterpersoneel pamflette uit met foto's van werklik Vermiste Kinders vanaf SAP verkry. Ook Lem, Wip en Skêr se foto's verskyn.**

**2.58**

**10 Sept 2004**

## **CHIOS MASTIC GUM, A UNIQUE PRODUCT**



The mastic

Chios is the only place in the world where a special type of lentisk resin is produced by the mastic tree. The cultivation of the mastic has been known since ancient times and it has been strongly tied to the island's history. The importance of this unique product, made the island many times in the past a target for various conquerors. In fact, one of the main reasons the [Medieval Villages](#) were built like fortresses, was to protect the mastic and it's producers from the barbarian raiding parties who often attacked the island to steal mastic and women. While the island was under Genoese and Turkish control, special privileges and certain freedom were given to the villages in the region where the mastic tree grows.

The harvesting of the resin takes place between July 1st and October 31. For the collection of the raw mastic, small incisions are made on the trunk of the trees and the mastic gum flows in the form of liquid drops which become solid as soon as they come into contact with the air. This procedure is called the "Kentima"





The mastic tree and the "Kentima"

A variety of products is made from the mastic resin, including chewing gum, alcoholic drinks, sweets, spices, perfumes, and various chemicals; while the most important use is by the medical industry all over the world.

Today, almost 5.000 families in the southern Chios earn a significant portion of their incomes by cultivating the mastic tree. Most of the product (almost 90%) is exported, mainly to the Arabic countries.



The magical tears - Nico Luwes